

Les 27

Johannes 9:35 - 41

1. Inleiding

In vandag se laaste 6 verse van Johannes 9 staan ons stil by genade. Die genade om van geestelike blindheid genees te word. Maar aan wie word hierdie genade bewys? Ons het weereens dieselfde rolspelers, die geneesde man, die Fariseërs en natuurlik Jesus. Verder weet ons dat die geneesde man uitgeban is uit die sinagoge. En daarby is daar steeds nie 'n goeie verhouding tussen die Fariseërs en Jesus nie.

2. Verwerp maar nie verlore nie

In die vorige les het ons baie gemaak van die hopelose toestand in die samelewing van iemand wat uit die sinagoge geban is. Maar vir hierdie geneesde man, wag daar iets baie groters. En is waar ons vandag die genade vind. Want alhoewel hierdie man uitgeban is uit die sinagoge, verwelkom Jesus hom in die kerk van die ware gelowiges. Alhoewel die wêreldse koninkryke vir hom toegesluit is, word die hemelse koninkryk vir Hom oopgesluit. Hy is dus waarlik verwerp deur die wêreld, maar gered in die Here.

3. Die Seun van die mens

Hoekom gebruik Jesus die term “Die Seun van die Mens” om juis na Homself as die verlosser te verwys? Die gebruik word afgelei van uit ander gedeeltes in die Johannes evangelie. Met hierdie term nooi Jesus mense uit om hulle vertroue in Hom te plaas, as die openbaring van God aan die mens. Jesus is in Homself die Woord geïnkarnear en die een wat uniek God openbaar aan die mense.

Die fundamentele konflik is tussen die siening dat Jesus geïnterpreteer moet word in terme van die wet (soos deur die Fariseërs verstaan), en die siening dat Jesus die uiteindelijke die Goddelike selfopenbaring is deur wie en deur wie die diepe betekenis van die wet beoordeel kan word.

4. 'n Vraag na identifikasie

Die vraag Wie is hy, meneer? is waarskynlik nie 'n versoek om inligting rakende die kenmerke en funksies van die Seun van die mens nie, maar 'n versoek dat die Seun van die mens geïdentifiseer word. Te oordeel aan die einde van die vers is die man gretig om in hom te glo: hy het aan die einde van sy vertroue in die tradisionele godsdienstige owerhede gekom. Vir hom is Christus nou belangrik.

5. Beide fisiese wonder en gelykenis

Hierdie gesprek met die geneesde man is persoonlik maar dit vind plaas in 'n area waar die Fariseërs dit ook kan hoor. Jesus se opmerkings in vers 39 word dus uitgespreek as 'n opsommende verklaring aan die geneesde man oor wat plaasgevind het, wat hom in staat gestel het om te begryp dat die wonderwerk was, wat sy oë geopen het, en die daaropvolgende debat met die godsdienstige owerhede, Daarom vorm dit ook dan 'n praktiese gelykenis aangaande sig en blindheid in die geestelike ryk.

6. Die verdeeldheid in die redding in Christus

Jesus se punt in 9:39 is nie dat die doel van sy koms was om die mensdom te veroordeel nie. Ook nie net om die mensdom te verdeel nie. Hy het gekom om te red, nie te veroordeel nie. Maar om sommige te red behels outomaties die veroordeling van ander. In daardie afgeleide sin het Jesus dan wel gekom om te oordeel. 'Dit is die paradoks van die openbaring, dat om genade te kan

bewerkstellig ook aanstoot gegee moet word, en dus tot die oordeel oorgegaan word. Om genadig te wees, moet die sonde ontbloot word; hy wat dit teenstaan bind hom aan sy sonde, en sodoende word die sonde 'n deurslaggewend keuse vir hom.

Dit is wat ons ook bely in die uitverkiesingsleer. Dat die Here 'n groep mense uitverkies om aan genade te bewys. Natuurlik behels die weerhouding van genade die veroordeling van 'n groep mense. Maar die sonde veroorsaak dat hierdie veroordeling regverdig is.

7. Teks met Teks vergelykings

- a) Eksodus 32: 24 - 26
- b) Psalm 27:10
- c) Matteus 6:24
- d) Matteus 7: 21 - 23
- e) Mattues 19: 29 - 30
- f) Johannes 3:16 - 17
- g) Romeine 10:9
- h) 1 Korinthiërs 12:3
- i) Hebreërs 6: 4 -6
- j) Hebreërs 10: 26 -31
- k) Jakobus 3:1

8. Vrae

1. Tot watter mate moet die gemeenskap van die gelowiges en die alledaagse samelewing oorvleuel? (Dink aan mode, gebruike en waardes)
2. Dink aan Christus as dit middelpunt van ons teologie en lewe, is dit nog so onder die groter groep gelowige mense, verduidelik?
3. Hoe belangrik is dit dat hierdie wonderwerk werklik fisies plaasgevind het, verduidelik?
4. Verduidelik hoe u die skeiding wat Christus bring ervaar vandag?
5. Is die groter oordeel wat meer kennis bring dalk juis 'n afskrik middel vir mense om in die geloof te groei en ontwikkel? (Vgl Romeine 1:20)

7. Bronne

Carson, D. A. (1991). *The Gospel according to John*. Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.